20 Mei 2020

Beste Ouer

Die onlangse aankondiging deur die Minister van Basiese Onderwys, om die skole op 1 Junie vir matrikulante te heropen, is met geesdrif verwelkom. Ons is opgewonde oor die vooruitsig om die leerders by die koshuis te ontvang en voorsien u graag van inligting met betrekking tot die stappe wat die skool neem om die koshuis ’n veilige tuiste vir elke inwoner te maak.

Hierdie skrywe word nie net aan matriekouers gerig nie, maar is vir kennisname vir alle koshuisouers, aangesien grade in fases sal terugkeer skool toe. Die voorsorgmaatreëls wat vir die aankoms van die matrieks geïmplementeer word, sal vir die ander grade ook geld.

1. Algemene inligting en versoeke

- Teen die tyd wat die matrieks terugkeer, sal die koshuis reeds twee maal deeglik skoongemaak wees.
- Koshuiswerkers is onderworpe aan, en sal streng hanteer word volgens, die maatreëls wat in die Staatskoerant (vol. 658 van 29 April 2020) gepubliseer is. Ander riglyne wat deur die Departement van Onderwys voorsien is, asook interne reëlings, is verder van toepassing om almal se veiligheid te verseker.
- Koshuisgangers meld Sondag, 31 Mei, met ’n masker by die koshuis aan en ontvang Maandag, 1 Junie, ’n Menlo-masker by die skool. Ouers word versoek om toe te sien dat koshuisgangers twee of meer maskers het. Daar sal van leerders verwag word om hulle maskers self met warm water en seep te was.
- Elke leerder moet asseblief ’n bottel handreiniger saambring vir hulle kamers. Die inhoud van die bottels kan opgevul word uit die koshuis se voorraad. Hierdie handreiniger is aanvullend tot die handreinigerstasies wat reeds op strategiese plekke in die koshuis geïnstalleer is.
- Neem asseblief kennis dat kamers nie op hierdie stadium permanent toegeken kan word nie, aangesien leerders sal moet skuif sodra die ander grade begin terugkeer koshuis toe. Leerders sal aanvanklik in enkelkamers gehuisves word, tot tyd en wyl die koshuis begin vol raak. Om hierdie rede, word koshuisgangers versoek om nie onnodige bagasie saam te bring wanneer hulle terugkeer nie.
- Leerders word sterk afgeraai om persoonlike items by mekaar te leen.
- Indien ’n leerder aan ’n onderliggende siektetoestand ly, word ouers versoek om hulle kinders se mediese toestand te laat evalueer, mediese raad in te win en op grond daarvan ’n besluit te neem oor die kind se terugkeer na die koshuis. Sodanige mediese toestande moet aan die koshuisvader bekendgemaak word, alvorens u kind sy/haar intrek in die koshuis neem. Hierdie gevalle sal streng vertroulik hanteer word. Om u kind se gesondheid te beskerm,

word toegangsreg deur die skool voorbehou indien u kind se gesondheid ’n veiligheidsrisiko vir hom-/haarself, of vir ander leerders inhou.

- Die skool en koshuis se gedragskode sal aangepas word om spesifiek voorsiening te maak vir die hantering van leerders wat hardnekkig spesiale maatreëls om die virus te bekamp, nie nakom nie. Stap een in die optrede sal ‘n oproep van die koshuisvader in die verband wees om u ingryping en ondersteuning te vra.
- Leerders kan in skoolsweetpakke skoolgaan. Maak asb. voorsiening nog ‘n stel skoolklere om voor die hand liggende redes.
- Indien u kind siekerig word, soos wat die tyd van die jaar gebeur, moet hy of sy die koshuisvader onverwyld in kennis stel waarna hy hom of haar volgens ‘n bepaalde protokol sal hanteer.

2. Aankomstye

- Die matrieks neem hulle intrek op Sondag, 31 Mei, vanaf 15:00 tot 17:00. U word versoek om hierdie tye te respekteer en streng daarby te hou. Geen koshuisganger sal toegelaat word om, soos in die verlede, met sy/haar aankoms na sy/haar kamer te gaan nie. Leerders en ouers moet asseblief eers by een van die registrasiepunte in die eetsaal aanmeld. Daarna sal u kind se temperatuur gemeet word en daar sal van u verwag word om ’n kort mediese vraelys te voltooi. Verder sal u versoek word om ’n kontrolelys in te vul om enige gebreke aan u kind se toegewysde kamer uit te wys.
- Aandete sal om 18:00 bedien word, waarna die koshuisvader ’n inligtingsessie sal hou om koshuisgangers in te lig oor elkeen se rol in die veranderde omstandighede.

3. Reëlings vir etenstyd en studietyd

- Etenstye sal deur die koshuisvader geskeduleer word om te voldoen aan die vereistes vir sosiale distansiëring.
- Studietye en -reëlings sal deur die koshuisvader bepaal en gewysig word, namate leerders terugkeer en die koshuis vol raak.
- Daar word nie probleme met die handhawing van sosiale afstand voorsien nie, aangesien die skoolsaal beskikbaar is vir etenstyd en studietyd.
- Alle koshuisgangers se temperatuur sal elke oggend voor ontbyt geneem word.

4. Vryetydsbesteding

- Aangesien sportoefening vir die afsienbare toekoms van die baan is, skep dit geleentheid vir ’n formele studiesessie in die middae.
- Sosiale distansiëring moet ten alle tye geld.
- Spar-dag gaan voort soos normaal.

5. Koshuisfooie

- Die beheerliggaam se finansiële komitee is tans besig met ’n voorlegging om die herstrukturering van koshuisfooie aan te spreek. Hierdie voorlegging sal tydens die BL-vergadering op 28 Mei 2020 voorgelê word vir goedkeuring, waarna die uitslag so spoedig moontlik aan u gekommunikeer sal word.

Die koshuispersoneel is gereed vir die derde kwartaal en sien daarna uit om die leerders terug te verwelkom. Die koshuis bly u kind se tuiste weg van die huis en dit is ons wens om die vriendelike gesinsatmosfeer van die koshuis te behou, ten spyte van die vreemde omstandighede waarin leerders terugkeer skool toe. Ten einde hierdie doel te verwesenlik, vra ons vriendelik dat u ’n ernstige, dog positiewe gesprek met u kind sal voer oor verantwoordelike koshuisoptrede alvorens u hom of haar in ons sorg laat.

Moet asseblief nie skroom om kontak te maak indien u enige voorstelle, vrese, vrae of onsekerhede het nie. Ons beantwoord graag u vrae.

Vriendelike groete

MNR. HARM VAN HELSDINGEN
ADJUNKHOOF

MNR. SCHALK REYNDERS
HOOF

Die Hoërskool Menlopark, Atterburyweg, Menlopark, Pretoria, 0081
Tel:+27 (0) 12 361 7738, info@menlopark.co.za, www.menlopark.co.za
Koshuis-kontakbesonderhede: harm.vanhelsdingen@menlopark.co.za